

# Ondersteun bedryf se unieke inisiatief

**Belanghebbendes in die volledige waardeketting van die Suid-Afrikaanse graanbedryf het hande gevat en 'n trust gestig soos nêrens anders ter wêreld aangetref word nie. Produsente behoort hierdie landwye bedryfsinisiatief te ondersteun om in die nuwe bemarkingsjaar voedselsekerheid en wêreldwye mededingendheid te kan bly handhaaf.**

**SEDERT** die deregulering van die beheerrade moes die Suid-Afrikaanse landboubedryf belangrike dienste uit sy eie sak finansier en onderhou. Hierdie dienste en funksionaliteite stel die plaaslike landbouwaardeketting, van die produsent tot by die verbruiker, in staat om wêreldwyd mededingend te wees. Dit verseker ook voedselsekerheid. Die dienste wat gefinansier word, vorm onder meer die hoekstene waarop die vrye mark gevestig is.

Die nuwe bemarkingsjaar begin op 1 Oktober wanneer die eerste koring, gars en hawer gelewer word. In die komende bemarkingsjaar gaan die wintergraanheffings vrywillig wees.

Die georganiseerde landbou moes ingryp en 'n alternatiewe trust stig nadat die Nasionale Landboubemarkingsraad nie die bedryf se aansoek om die voortsetting van die statutêre heffing betyds wou aanbeveel nie. Belangrike bedryfsfunksies word hierdeur gefinansier en daarom moes die bedryf vinnig 'n alternatiewe stelsel voor 1 Oktober 2020 gereed kry. Die trust sal bekend staan as die Suid-Afrikaanse wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT).

Die belangrikste instellings en dienste wat met die heffings gefinansier word, is die:

- Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL).
- Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (Sagis).
- Navorsingsprojekte.

Die invordering van 'n vrywillige heffing word veral deur die private sektor ondersteun en is 'n bedryfsaksie waar sektore in die totale waardeketting saamstaan.

Dit is 'n noodsaaklike en unieke geskiedkundige gebeurtenis wat nog lank onthou sal word. Dit sluit produsente in wat deur Graan SA verteenwoordig word, asook saadmaatskappye (Sansor), opbergers (Agbiz Grain), veevoervervaardigers (Afma), handelaars (Sacota), die JSE (Safex), meulenaars (die Meulenaarskamer), bakkers (die Kamer van Bakwese), asook verbruikers wat deur die SA Verbruikersunie verteenwoordig word.

## DOELSTELLINGS

Die werksaamhede van die nuwe wintergraantrust, waaruit noodsaaklike dienste en aksies gefinansier gaan word, is byna dieselfde as dié van die huidige trust. Die bedryfskoste kan egter minder wees. Die tydelike reëling sal geld totdat die huidige wintergraantrust weer na wense funksioneer en die bedryf se besluite as diensverskaffer ondersteun.

Die heffings word by die eerste punt van verkope ingevorder. Ondersteun asseblief u bedryf en maak seker die heffing vir die bemarkingsjaar 2020-'21 word aan die SAWCIT oorbetaal. Die opbergings- en hanteringsektor vir graan en oliesade het reeds hul stelsels begin aanpas om die heffings in te vorder ter ondersteuning van die inisiatief.

**Hierdie projek is begin om die graan- en oliesaadsektor mededingend te hou.**

## KOMMODITEITE

Die vrywillige heffing gaan presies dieselfde bedrag beloop as wat dit sou wees indien 'n statutêre heffing in die *Staatskoerant* afgekondig sou wees, naamlik (BTW uitgesluit):

- Koring – R14,50 per metrieke ton.
- Gars – R14,50 per metrieke ton.
- Hawer – R6,00 per metrieke ton.

Die vrywillige heffings is betaalbaar op koring, gars en hawer:

- Wat deur die produsent daarvan verkoop word.
- Wat in- of uitgevoer word.
- Wat deur of namens die produsent verwerk word.
- Waarvoor 'n silo-sertifikaat uitgereik word.

## INVORDERING VAN HEFFINGS

Produsente en ander belanghebbendes wat graan lewer, moet magtiging gee dat die vrywillige heffing, wat by die prys van sy koring, gars of hawer ingereken is, afgetrek mag word by die verkoop of lewering daarvan.

Die koper, verwerker, invoerder, uitvoerder of persoon wat die silosertifikaat uitreik, is verantwoordelik vir die oorbetaling van die heffings. Die heffings word aan die SAWCIT betaal. Die bankbesonderhede sal spoedig aan die bedryf deurgegee word. Die heffings moet voor die einde van die maand wat volg op die maand waarin die heffings ingevorder is, aan die SAWCIT oorbetaal word.

Die trustees wat deur die belanghebbendes in die bedryf aangestel is om in die SAWCIT te dien, sal die gebruik van die heffings namens die bedryf bestuur. Die vrywillige heffings geld slegs vir die bemarkingsjaar 2020-'21, wat op 1 Oktober 2020 begin.

Die bedryf sal in die loop van volgende jaar besluit hoe noodsaaklike dienste in die toekoms gefinansier sal word.

## SAMEWERKING

Hierdie gesamentlike bedryfsinisiatief van die waardeketting, wat van insetverskaffers tot by verbruikers strek, is wêreldwyd eiesoortig. Dit is iets wat net in Suid-Afrika kan gebeur en wat in geen ander wêrelddeel aangetref sal word nie.

Hierdie projek begin om die uiters mededingende graan- en oliesadesektor wêreldwyd mededingend te hou en voedselsekerheid met die goedkoopste voedsel beskikbaar wêreldwyd voortdurend te handhaaf. Dit word boonop gedoen ondanks die feit dat ander lande se waardekettings deur geldelik sterk regerings ondersteun word én dit vind plaas te midde van 'n wêreldwye krisis.

Dít is Suid-Afrika. Ons is trots daarop om deel van Suid-Afrika en sy mense te kan wees. Ondersteun asseblief hierdie landwye bedryfsinisiatief. Dit is die regte ding om te doen. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain. Mnr. Leon du Plessis is verbonde aan L&L Landboudienste (administrateurs van die koringforum).*